



**Jako Kruger (26 Februarie 1968 – 3 Mei 2012)**

*Deur sy suster, Lize Kruger, wat ook haar seun aan depressie verloor het, geskryf op 12 Mei, 'n dag ná Jako se begrafnis*

Toe gebeur dit 'n tweede keer. Ek moes gister ook afskeid neem van my jongste broer. 'n Kleurvolle karakter... hy het ons lewens met ryk, maar ook donker kleure ingekleur. Meesal ook sommer ver verby die lyne.

Jako is onlangs eers met bipo-lêre depressie gediagnoseer. Ongelukkig het hy, soos vele ander in hierdie posisie, in hul poging om normaliteit te ervaar, dwelms gebruik. Hy het die stryd teen dwelms en depressie in die vroeë oggendure van 3 Mei 2012 verloor.

Vir ons familie is dit belangrik om nie hierdie gebeure onder die mat te vee nie. Dis geen skande nie. Dis hoe dit is. In sy wese was hy 'n wonderlike lojale, flambojante karakter. Al sy kleintyd-maatjies het nog steeds kontak met hom gehad. Jako het mense soos vlieë na hom aangetrek. Hy kon 'n vertrek tot stilstand bring.

Daarom wil ek die *mens* wat hy was, eer.

In an effort to avoid uncomfortable feelings, we may have a tendency to turn the life we led with our loved one into a kind of myth. If we do that, we won't recall our lives as whole realities that encompassed a multitude of feelings and conditions. Instead, they will become unreal, invented lives, based on characters whose flaws and fears are invisible.

Myth certainly has its purpose. We can use it to transform our lives. We can claim to have the life that rises above real life, which extends its powers outside actual life and transcends the ordinary in all possible ways.

It is pleasant to think of life in this way. It provides a bright backdrop against which the usually more muted colours of life play out. That is not to say that our lives do not have their own brightness, their own fantasy, their mythical qualities. They do.

But they also contain the dark that contrasts sharply with the light.

Our grief is successfully resolved when we acknowledge the whole range of our lives, when we don't mythologise our relationships, when we are thankful for the contrasts and differences that made up the rich fabric of our relationship with our loved one.

Gebed of Meditasie: *"As I grieve my loved one, I will mourn the relationship we actually had, the person he or she actually was, the experience we honestly*

*shared. I will not create a mythology in order to avoid certain aspects of my loss."*

Deur Lize gelees op Jako se begrafnis:

### **Brief aan my broer**

Aan Jako – my ‘jongste, mooiste broer’, my Ma en Pa se wilde loot,

Ons laaste dag saam het ek jou ’n goeie skoot ‘silent treatment’ gegee...

Nou het ek hierdie iets om vir jou te sê.

Ek sien my eerste kennismaking met die nuwe toevoeging tot ons Kruger-gesin nog so duidelik soos gister. Die verpleegsuster het jou sopas by Ma kom kry ná jou voeding. Sy het gebuk, die kombersie weggetrek sodat ek jou mooi kon sien, en dit was oorstelpte liefde met die eerste oogopslag. Nog nooit was daar voorheen ’n mooier babatjie nie. Skool was vir my ’n stryd, want ek kon nie wag om in die middag by jou te wees nie.

Jy was my eerste aansprake, my kleintyd-stertjie, my oudste kind, maar ook my companion. Ek kon altyd weet: jy is net hier agter my. ’n Stut in nood. Die kosyn van my deur. Nou hang ek lendelam en stutloos in die wind.

Ek sien hoe jy as klein seuntjie jou speelgoedjies een vir een toedraai vir ons as Kersgeskenke. Hoe jy huilend om die hoek van die huis hardloop omdat ek sonder jou op Boekenhoutfontein gaan kuier.

Saam moes ek help in jou hofmakingsmetodes deur skilderye te produseer om meisies se harte namens jou te wen.

Tot sonsopkoms kon ons praat en die lewe stuk vir stuk dissekteer.

Tydens my alleendae sou jy jou kar vol vriende en kos laai en vir my kom kuier en kos maak in Vanderbijl.

Hoe kon ek jou dan nie elke keer alles vergewe sodra ek daaraan dink nie? Ek kon my verkneukel in jou gawe om mense te lees. Niks het jou skerp brein ontglip nie.

Gedurende my bittere tyd van rou, sou jy stil en alwetend na my kyk en net styf teen jou bors toevou. *Jy is my suster en my beste vriend* skryf jy in die besoekersboek van my laaste uitstalling.

Maar ’n ander vriend was strawwer kompetisie vir my...

In 2006 skryf jy vir my:

*Ek het in die donker wakker geword van die storm en my toegerol in my kombers om te skuil daarteen, maar die vrees het al groter geword, tot ek dit nie meer kon hou nie en ’n kers aangesteek. Dit het doodgewaai en daar was verskriklike dinge oral. Ek het die donker gang sonder einde afgesluip, rillend van vrees. Skielik het die kersvlam gedans en ek kon myself sien teen die ruite, en dit het my beter laat voel, maar ek weet dat die vrees nooit heeltemal sal weggaan nie.*

En in 2007:

*Thanks vir vandag. Dis tyd. Ek bid die afgelope tyd dat my rigting asseblief tog net uit my hande gehaal word, en dat Hy moet oorneem. My afdraaipaaie het net te veel geword, en ek is verdwaal. Dis great om te weet jy is daar sonder oordeel, verwyf of twyfel. Jy sal verbaas wees hoe skaars dit werklik is. Ek sal opmaak vir die een.*

*Thanks – Jou Kleinboetie*

Ek was die laaste twee jaar nie meer fighting-fit genoeg vir jou nie, Jakes. Ek's jammer daaroor.

*Tog:*

So hewig as wat ons kon rusie maak, so vurig kon ons VIR mekaar baklei.

Jy kon my laat skaterlag.

My op jou skouer laat leun.

My hart week maak.

My tot raserny dryf en terselfdertyd uit my skoene 'charm'.

Jy het my gefassineer en jy het my gefrustreer.

Jy het my laat wroeg en laat wakkerlê.

Ek sou baklei en dreig. Al huilend vir jou sê: 'Ek het jou waaragtig lief, maar

ASSEBLIEF...!'

Nou is daar geen baklei meer nie. Nou kan ek net treur. Vir jou, vir ons Ma, vir my broers en suster, myself en my kinders.

Want jy, Jako, was groter as lewensgroot.

En wat nou met hierdie afskuwelike leemte?

My liefste Broer – ek *weet* dat jy ons bitterlik lief gehad het. Altyd so trots op jou familie was.

Ek bid jou 'n reis van vreugde en allesomvattende vrede toe.

Mag God jou gee wat jy so lank na op soek was.

Ek was, is, en sal altyd lief wees vir jou.

Jou suster

Toela

*Love has no expiration date,  
and it is infinitely recyclable*